



## **DIE STRANDLOPERS**

Hierdie is die negende verslag vanjaar.

### **Politiek**

- Die plaaslike politieke omgewing het weer eens sy dosis opwinding gelever toe 'n belangrike persoon in 'n belangrike pos die afgelope maand geskors is – maar darem nog nie afgedank nie. Watter onsekerhede kan die politieke toneel in die volgende maande tot Desember nog alles optower om die finansiële omgewing te ontsenu?
- Intussen het die president van Zimbabwe die afgelope week die res van die wêreld mooi laat verstaan dat hy geen inmenging in sy land sal duld nie. Die inflasiekoers het ook mooi gedaal van 7 634,8% tot slegs 6 592,8% in Augustus weens die instelling van prysbeheer. Intussen kan sekerlik verwag word dat nog meer van die 80% werklose bevolking stilswyend toegelaat sal word om die Limpoporivier oor te steek.
- Die situasie in die DRK en Darfoer wek steeds kommer.
- Die Midde-Ooste bly in die nuus met geen aanduiding dat hierdie situasie in die afsienbare toekoms sal verbeter nie.
- Hopelik kan daar wel 'n politieke oplossing vir die probleme in Mianmar (Burma) gevind word sonder te veel bloedvergieting en sonder die inmenging van buitelandse moondhede.

### **Internasionaal**

- Die internasionale toneel word steeds oorheers deur die vrese dat die VSA sub-prima huismark probleme die finansiële stelsel kan ontwig, likiditeit kan laat opdroog en tot 'n wêreldwye resessie kan lei. Die IMF is egter van mening dat daar nie 'n resessie sal ontstaan nie, omdat die Europese en Verre-Oosterse ekonomieë sterk genoeg groei om die invloed van 'n VSA resessie te oorkom. Die euro het egter die afgelope maand tot so 'n mate verstewig teenoor veral die dollar dat daar wel bekommernis bestaan oor die mededingingsvermoë van hierdie lande in die internasionale handelsmarkte. Indien uitvoere vanaf Euroland benadeel word, sal dit ook die binnelandse groei van hierdie ekonomieë beperk – veral indien die VSA ekonomiese groei verlangsaam.
- Enige verswakking van die VSA ekonomie, sal ook noodwendig die groei van die ekonomieë in die Verre-Ooste benadeel. Hierdie lande bly tot 'n baie groot mate afhanklik van hul uitvoerprestasie na die VSA om hul binnelandse groei te stimuleer.
- Die aanduidings is dat die aanpassing in die VSA huismark nog geruime tyd aan die gang sal wees. Baie van die huislenings wat in 2005 en 2006 toegestaan is, moet steeds omgeskakel word na lenings met hoër rentekoerse. Dit kan die verswakking in hierdie mark nog verder laat toeneem. Die posisie van die verbruiker kan dus nog verder verswak en ekonomiese groei beperk.
- Die sentrale banke van die groot nywerheidslande toon egter steeds dat hulle bereid is om die finansiële sektore te ondersteun en te voorkom dat hierdie probleme ekonomiese groei tot stilstand dwing.
- Die feit dat rentekoerse in die geval van die VSA verlaag is en in die VK, Euroland en Japan stabiel gehou word, laat egter die vrese toeneem dat inflasie in die loop van 2008 'n ernstige probleem kan



word. Hierdie vrese hang saam met die huidige rekord vlakke wat oliepryse en kommoditeitspryse in die algemeen behaal. Aanduidings is dat pensioen- en ander beleggings- en spekulatiefondse meer en meer geld in die kommoditeitsmarkte stort. Dit word gedoen weens die onsekerhede wat in die finansiële markte heers en die groot skommelings wat onder andere in die aandelemarkte ervaar word.

- Algemene kommoditeitspryse vertoon steeds goed en word ondersteun deur die voortgesette sterk vraag vanuit die Verre-Ooste en die bykomende beleggingsvraag.
- Die goudprys word ook bevoordeel deur die vrese dat inflasie wêreldwyd kan styg, asook die voortgesette vraag vanuit die Verre-Ooste waar die seisoenale vraag vanuit Indië in komende maande sterk sal wees.
- Die olieprys word ondersteun deur die invloed van spekulatiewe fondse, die vrese dat die produksie van olie nie voldoende sal wees om in die vraag daarna te voorsien nie en die aanduidings dat voorraadvlakke in die VSA en ander lande op lae vlakke bly. Die lae voorraadvlakke is 'n bekommernis aangesien aanvaar word dat die winter in die noordelike halfmond in aantog is nieteenstaande aardverwarming.
- Die verwagting is dat korttermynrentekoerse in die VSA, VK, Euroland en Japan in die res van die jaar stabiel tot laer sal neig. Veral in die VSA word laer rentekoerse verwag.
- Langtermynrentekoerse in die VSA het die afgelope paar weke sterk gedaal weens die invloed van fondse na veilige beleggingsterreine, die aanduidings dat die ekonomie kan verswak en dat korttermynrentekoerse verder kan daal. Hierdie tendens kan in die res van die jaar voortgesit word. In die geval van die VK, Euroland en Japan word verwag dat hierdie rentekoerse stabiel tot laer sal neig in die res van die jaar.

## **Plaaslik**

- Daar is aanduidings dat die private verbruikersvraag wel deur die stygende rentekoerse en die inwerkingtrekking van die kredietwet beperk word. Die impak van die stakings in verskeie sektore van die ekonomie, maar veral in die staatsdiens, sou ook die koopkrag van verbruikers in die afgelope aantal maande beperk het. Die groter salarisse en lone wat egter die gevolg van die stakings is en die verwagting dat indiensneming wel deur die groot openbare sektor besteding gestimuleer sal word, sal verbruikersbesteding in die res van hierdie dekade ondersteun. Ek is steeds van mening dat die R500 miljard besteding deur die openbare sektor glad nie deur enige rentekoersbewegings beïnvloed sal word nie.
- Die tekorte op die handels- en lopenderekenings van die betalingsbalans sal in die res van hierdie dekade steeds op onaanvaarbare hoë vlakke bly. Hopelik sal hierdie tekorte steeds deur die invloed van korttermyn buitelandse kapitaal gefinansier word. Die onsekerhede in die buitelandse finansiële markte asook die onsekerhede op die plaaslike politieke toneel, kan egter hierdie invloed van buitelandse kapitaal benadeel. Die hoë kommoditeitspryse ondersteun tans die verdere invloed van buitelandse kapitaal. Die risiko's ten opsigte van die betalingsbalans neem egter toe.
- Die sentrale regering se begroting bly goed onder beheer. Die bekommernis is steeds dat die produksiesektore van die ekonomie nie in werklikheid deur die owerhede se fiskale beleid ondersteun word nie en dat 25% van die bevolking afhanklik is van die staat se welsynsbetalings. Provinsiale owerhede se finansies bly redelik goed onder beheer, maar daar is steeds geen aanduidings dat die benarde posisie waarin plaaslike owerhede hul bevind, sal verbeter nie.



Kundigheid in al drie staatssektor vlakke is steeds aan die kwyn en het 'n negatiewe impak op die funksionering van die owerheidsektor.

- Inflasie volgens die VPI-X indeks bly bo die 6% mikpunt van die sentrale bank, terwyl die inflasiekoers volgens die VPI syfer tans net onder die 7% vlak is. Intussen het die produsentepriysindeks van 10.3% tot 9.4% verlangsaam, maar bly steeds onaanvaarbaar hoog. Die aanduidings is dat inflasie in die periode tot minstens die middel van 2008 bokant die 6% mikpunt van die sentrale bank sal bly. My bekommernis is steeds dat inflasie in die res van hierdie dekade hoër as verwag sal wees wat streng optrede van die sentrale bank sal verg. Dit behoort egter nie die ekonomiese groeikoers te veel te verlangsaam nie, omdat die openbare sektor steeds groot bedrae geld sal bestee.
- Alhoewel die amptelike werkloosheidsyfers effens verbeter, bly werkloosheid op onaanvaarbare vlakke. Die aanduidings is dat hierdie situasie nie noemenswaardig sal verbeter nie, weens die voortgesette invloed van "toeriste" uit die res van die vasteland. Die onderwys en opleidingsituasie wek steeds kommer en vanjaar se matriekuitslae sal niesteenstaande aanpassings van die slaagsyfers, steeds onder verdenking wees. Die gebrek aan vaardige en kundige werkers bly die grootste knelpunt wat die ekonomiese groeikoers in komende jare sal beperk.
- My siening bly dat korttermynrentekoerse nog verder sal styg in die res van die jaar en in die eerste helfte van 2008.
- Die vraag na langtermynkapitaal sal begin toeneem soos die openbare sektor se besteding op dreef kom. Dit sal langtermynrentekoerse hoër laat neig in die res van hierdie dekade. Hierdie rentekoerse kan ook verder onder opwaartse druk kom weens inflasieneigings en enige verswakking van die rand.
- Die rand word tans ondersteun deur die invloed van buitelandse kapitaal asook die algemene verswakking van die dollar teenoor alle geldeenhede.

### **Beleggingsomgewing**

- Die dollar is tans baie swak teenoor meeste geldeenhede. Dit weerspieël die verwagting dat die VSA ekonomie swak sal vertoon en dat VSA rentekoerse sal daal in die res van die jaar. Daarteenoor word verwag dat die korttermynrentekoerse van die VK, Euroland en Japan stabiel sal bly. Die onsekerhede rondom die groeivoorsigte van Japan asook die politieke onsekerheid wat weens die bedanking van die Japanse eerste minister na vore getree het, beperk die verstewiging van die jen teenoor die dollar. My indruk is dat die dollar te vinnig te ver verswak het.
- Die VSA aandelebeurs is in die algemeen sterk omdat verwag word dat maatskappyresultate goed sal vertoon weens die daling in VSA rentekoerse wat mettertyd ekonomiese groei sal stimuleer. Dit weerspreek eintlik die vrese dat hierdie ekonomie in 'n resessie kan beland weens die probleme wat in die huismark ervaar word. Dit moet egter aanvaar word dat aandelemarkte wêreldwyd onstabiel sal wees in komende weke terwyl die onsekerhede in die finansiële sektor voortduur.
- Die risiko ten opsigte van plaaslike rentekoerse is dat hulle in die res van die jaar asook in die eerste helfte van 2008 eerder hoër as sywaarts sal beweeg.
- Niesteenstaande hierdie siening aangaande rentekoersneigings, is die aanduidings dat die plaaslike ekonomie steeds sterk groei sal toon. Veral die maatskappy wat voordeel sal trek uit die openbare sektor se besteding in die periode tot minstens 2012, behoort goeie winste te toon. Die groot persentasie van buitelandse aandeelhouding stel die plaaslike aandelebeurs bloot aan internasionale



neigings en onstabieleit. Nogtans behoort daar steeds ondersteuning vir die plaaslike aandeel te wees weens die sterk besteding van die openbare sektor.

- Die huidige vlak van die rand is goed om inflasie te bekamp, maar nie om die produksiesektore van die ekonomie in die langtermyn te stimuleer nie. Die risiko's ten opsigte van die rand is onder andere die politieke toneel in die res van die jaar, die hoë inflasiekoers, die groot tekorte op die lopenderekening van die betalingsbalans en die korttermyn aard van die buitelandse kapitaal wat hierdie tekorte moet finansier.

**Ulrich Joubert**  
**29 September 2007.**